REVIEW: '08 Triumph Thruxton 900

REVIEW DEUR CARIN JONKER

Triumph het duidelik die kategorie van die moderne motorfiets met 'n merk of twee opgestoot met hierdie Thruxton – "Retro Sports"

Maar as daar nou een les van die verlede wat die toets deurstaan het, is dit dat die basiese benodighede van motorfiets alle tegnologie te bowe gaan. Wat 'n motorfiets is en verteenwoordig aan sy eienaar is baie naby aan wat dit regtig vir hom doen wanneer daar gery word. Al wat werklik nodig is, wel vir baie van ons, is die motor, die wiele, 'n sitplek en 'n paar handvatsels ... die Thruxton gryp dit perfek vas.

Die Thruxton trek baie na die "café racing" motorfietse van die 60's en kry sy naam van die amper mistiese Triumph resies motorfietse van daardie era, en ontvang dan boonop hope veranderings in 2008.

Met sy perfekte proporsionele en verleidelike silhoeëtte is die Thruxton werklikwaar 'n pragtige fiets. Dit vuur die verbeelding aan van menige jong motorfiets ryers vandag wat opsoek is na 'n kenmerkende motorfiets wat onmiskenbaar die klassieke 60's met 'n moderne houding meng.

Die gestileerde eenstuk handvatsels is gelig wat dan die motorfiets 'n meer gemaklike maar sportiewe ry styl gee. Die instrument paneel en spieëls skreeu nog "ou skool" met chroom afwerking op al die regte plekke. Triumph het soveel aandag gegee aan kleiner "detail" om die gaping tussen klasiek en modern te brug, dat dit jou regtig aan jou hartsnare vat.

Die 865cc, lug verkoelde twee silinder motor, wat op die stadium die kragtigste is in die Triumph twee silinder reeks, spog nou met brandstof inspuiting ... wat 'n plus. Dit beteken skoner en beter brandstof verbruik, hy hardloop gladder en is makliker om aan die gang te kry. Hierdie yskoue ysterperd se stilering is so slim dat die brandstof inspuiting weggesteek is deur wat lyk soos "carburetors". Het jy dit geweet?

Die perdekrag van die motor is 69bhp wat gelewer word by 7,400rpm; die motor gebruik dieselfde 360-grade vuur tussenposes as die Bonneville en ook megafoon uitlaatpype. Alhoewel die motorfiets met die oog-op-slag nogal swaar is kom jy dit glad nie agter wanneer jy eers op spoed is nie. Die Thruxton is so stil en glad dat dit dalk net kan voel of jy op 'n "magic carpet" ry.

Die motorfiets se raamwerk inspireer selfvertroue en sy growwe kant lewer nog steeds 'n sportiewe karakter. Die stewige verstelbare 41mm teleskopiese vurke en dubbele agter skokbrekers gee jou uitstekende vering stabiliteit met 'n 1510mm wielbasis. Daar was geensins 'n gevoel van onsekerheid of vrees in die tyd wat ek op die fiets gespandeer het nie. Selfs die 320mm flotering dubbele rem stelsel skep 'n kragtige maar sensitiewe rem verrigting met die ondersteuning van die staal dubbel raam en "swing-arm" wat met gemak die motor krag beheer en versprei. Kleur opsies vir 2008 is 'n helder Tornado Red met kleur pas modderskerms en 'n wit streep oor die middel, dan is daar ook 'n Jet Black opsie met kleur pas modderskerms en 'n goue streep oor die middel en laastens 'n Aluminium Silver opsie met kleur pas modderskerms en 'n rooi streep oor die middel.

Om nou die kersie op die koek te sit bied Triumph ook 'n uitmuntende reeks bybehore wat jou Thruxton meer uniek kan laat lyk ... ja wie wil nou dieselfde motorfiets ry as die volgende ou. Die Thruxton is vir die ou of meisie wat uit die boks dink en leef.

PRYS - R87 995.00 14% BTW Ingesluit
(Net tot 1 Jan 2009)

EAST COAST TRIUMPH

Tel: (031) 566 3024 • Fax: (031) 566 5177
10 Meridian Drive, Umhlanga Ridge